

28 Mei

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-14

Fokusgedeelte: DL, VD 1:1

Die uitverkiesing is meer as net God se wil om die wat glo te red: Dit is 'n ewige besluit!

“Self!” Dit is een van die eerste woorde wat enige hardkoppige kleuter kan sê. Dit beteken gewoonlik: “Moet my nie help nie, ek sal/wil dit self doen!” Wanneer dit oor sy eie verlossing gaan het die mens nog nie veel verander sedert hy 'n hardkoppige kleuter was nie. Hy wil dit graag self doen. Hy wil homself red.

Daarom is dit nie verbasend nie dat daar dwaalleraars is wat sê dat die uitverkiesing bloot God se wil is om dié wat glo te red. Daarmee ontken hulle God se besluit van ewigheid af om bepaalde mense te red. As God ons nie voor die skepping uitgekies het nie, as Hy ons nie toe al volgens sy genadige beskikking bestem het om deur Jesus Christus sy kinders te wees nie, dan laat dit die gaping vir die mens om self te besluit of hy in God wil glo of nie.

Die dwaalleraars se idee van die uitverkiesing werk dus so: As die mens self besluit om in God te glo, dan sal God hulle uitkies. Die Bybel sê egter dat God ons nog voordat Hy alles geskep het, gekies het om sy kinders te wees. Daarom skenk Hy ook geloof aan ons. Geloof is 'n gawe van God en kom nie uit onself nie. Geen mens kan dus vanself glo nie. Juis daarom het God al voor die skepping besluit aan wie Hy geloof sal gee, sodat hulle kan glo en gered kan word.

Daarmee trek God 'n streep deur enige gedagte dat die mens vanself kan glo en dat God dié wat glo sal uitkies. Ons moet God dus dank dat ons verlossing genadiglik nie van onself afhang nie, maar van Hom!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~